# ONS IS DIE KERK

# Deel 3 – Aktiewe Ledemate

## AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Watter dinge, wat jy gedoen het, het al bygedra dat jou geloof groei?**

**Is jy 'n persoon wat daarvan hou om in 'n groep te werk of sal jy eerder op jou eie werk? Hoekom dink jy is dit so?**

**Wat dink jy gebeur as ons onsself met ander Christene vergelyk en dit wat hulle vir mense doen? Wat is die gevaar van vergelyking met ander Christene?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Matteus 13:31-32. Watter effek kan ons klein stappe van geloof hê in hierdie lewe? Hoekom dink jy begin dit klein?**

**Wat dink jy is nodig om ons klein geloof groter en sterkte te maak?**

**Lukas 17:5-6. Dink jy dit gaan oor die grootte van ons geloof of waarin ons ons geloof plaas wat saak maak? Verduidelik jou antwoord.**

**Markus 9:14-24. Hoe kan jy jouself vereenselwig met die pa se versoek in vers 24? Hoe dink jy help God ons daarmee?**

**Lees 1 Korintiërs 12:12-27. Het jy al ontdek hoe jy in die liggaam van God pas en wat jou funksie is? Op watter manier het jy vrede dat jou taak anders is as ander mense s'n? Op watter manier leef jy jou rol en funksie uit in God se kerk op die oomblik? Indien jy nie tans doen nie, wat is die rede daarvoor? Wat dink jy is die gevolg daarvan in jou eie lewe en in die kerk?**

**Op watter manier kan jy iets kleins hierdie week vir die Here bring? Hoe kan jou groep jou daarin ondersteun?**

# Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

# Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**